

Woensdag 20 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 3:1-15

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 3:15

Wat is belangrik, die houer of die inhoud?

In hierdie 15 verse van die brief sien ons vyf karaktereienskappe van Paulus raak wat vir elke Christengelowige moet waar wees. Vasberadenheid, eerlikheid, nederigheid, diensbaarheid, onselfsugtigheid. Daar is nog meer, maar dis met hierdie gesindheid waarmee Paulus die evangelie en heerlijkheid daarvan aan die lesers bring. Daar was baie wat hom beskuldig het dat hy in die bedryf van prediking was vir sy eie gewin en aansien. Ander valse predikers wat hom van hulle eie gedrag beskuldig het, omdat hy meer aandag van die mense ontvang het as hulle, en sy volgelinge gegroei het in getal. Soos ons met gister se dagstuk gesien het, is dit die Heilige Gees wat die gawe tot geloof skenk en op die mens se hart kom skryf, nie mense of predikers nie.

Paulus was nie op homself aangewese nie en het ook nie daarop aanspraak gemaak dat hy geloof in mense wek of die oorsaak van hulle redding is nie. Hy staan voor sy lesers en erken dat hy wel 'n wonderlike skat in homself het en dra, maar met dieselfde asem gee hy toe in alle afhanklikheid dat hy net die houer/kleipot is wat hierdie skat bevat. 'n Verganklike, stukkende, onwaardevolle en lelike houer in vergelyking met die skat wat daarin bevat is. Maar dit is juis deur en as gevolg van hierdie skat wat hy in sy hart dra dat hy die heerlijkheid van Christus kan weerspieël en alle swaarkry en beproewings kan deurstaan. Sonder hierdie kosbare inhoud sou hierdie onbelangrike houer/kleipot niks wees nie en iewers langs die pad van die lewe stukkend en aan skerwe gelê het.

As gewillige en heilige offer gee Paulus homself aan die evangelie en die verkondiging daarvan met vervolging en swaarkry daarby ingesluit. En tog met 'n blymoedige hart wat alles tot eer van God en die heerlijkheid van sy Seun verrig ondanks die aanslae van die mense en die wêreld. Alles sodat God alleen die eer kan ontvang!

Sing: Psalm 68-1:9, 15

Ds. HM Stavast (Herman) (Piet Retief)